

Titel: Deur die Vuur
Pastoor: Lucille May
Datum: 22 Februarie 2009
Tyd: 09:00



Daniël 12:4b

⁴ ...baie sal hiernatoe en daarnatoe hardloop, en die kennis sal vermeerder.

Hebreërs 12:1c-2

¹ en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, ² die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.

**Fase 1: Opleiding
DIE VUUR**

Fase 2: Roeping

1. Fase 1: Opleiding

Hebreërs 5:8-9

⁸ Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; ⁹ en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword

DIE VUUR

Mattheus 16:25

²⁵ Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind.

2. Fase 2: Roeping

Handelinge 13:2b

² Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het.

Daniël 3:17-18

¹⁷ As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuroond en uit u hand, o koning, verlos; ¹⁸ maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.

Daniël 3:29

²⁹ Daarom word deur my bevel gegee dat enige volk, nasie of taal wat oneerbiedig spreek oor die God van Sadrag, Mesag en Abednégo, stukkend gekap en van sy huis 'n mishoop gemaak sal word, omdat daar geen ander god is wat so kan verlos nie.

Efesiërs 4:11-14a

¹¹ En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, ¹² om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, ¹³ totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; ¹⁴ sodat ons nie meer kinders sou wees nie en hiernatoe en daarnatoe geslinger word en na verkeerde paaie verlei word nie.

I Johannes 1:7

⁷ Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

Jakobus 5:16a

¹⁶ Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.

Hebreërs 10:25

²⁵ en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan (bemoedig), en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.

Jakobus 5:16a

¹⁶ Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.

Hebreërs 10:25

²⁵ en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.

Jakobus 5:13a

¹³ Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid.

Filippense 2:16

¹⁶ deurdat julle die woord van die lewe vashou, my tot 'n roem teen die dag van Christus, dat ek nie verniet gehardloop of verniet gearbei het nie.